

Nomades Voetslaanklub

Elangeni Staproete terugvoer.

13-15 Maart 2015. Waterval-Onder. MP.



Marius Stander, Jackie Herbst, Wilna Horn, Magda van Aswegen; Wilna Moolman; Erna Lubbinge, Elsabé Düring; Cornea Maree, Magda Grobler, Janie Steinmann; Paul Snyman en Christie Blignaut, 12 siele arriveer Vrydag middag by die Elangeni vakansie oord en staproetes so 'n paar kilometer oos van Waterval-onder. Sowat 250Km vanaf Pretoria. Net langs die N4 en oorkant die Malaga Hotel, by die Sycamore afrit. 25° 35.807'S, 30° 26.833'E.

Nadat ons eers ons sleutels moes pas op 'ander' hutte en agterkom dit is nie ons kampie nie, het ons ons Klipspringers kamp gevind. Vyf ruim houthutte met 6 stapel beddens in elk. Ons het 2 gekry en kon dus ons bagasie lekker ooppak. Dan die ten volle toegeruste kombuis/kuier hut met mikrogolf, 2-plaat-stofie en oondjie, ketel, breekgoed, potte en panne, hout, charcole, aanstekers en vuurhoutjies!. Ons deel die netjiese ablusie geriewe met die karavaanpark net onderkant ons hutte.



Adam, die roete bestuurder en bouer, kom verwelkom ons en antwoord al ons vrae. Ons vul die permit / vrywarings vorm in vir Sappi oor wie se gronde ons ook loop.

Lekker gebraai en nog lank gekuier op die veelkleurige plastiekstoele op die stoepie waarna ons elkeen ons lekker dik matrassie opsoek. Na die gekuier, is die padgeraas van die N4 net 'n klipgooi van ons af tog ietwat steurend vir my tot die slaap my oorval.



Saterdag oggend maak elkeen sy ontbyt en pak sy krat/tas en sorteer uit wat gaan in die kar, wat gaan in die dagsak (aangesien so 9 van die 12 die slenterstap opsie gekies het en hul bagasie opvervoer word) en wat gaan in die krat. Ons wou so 7:00 loop maar agv twee persone wat ietwat skarel kom eers sowat 20 minute laat weg.

Volg die groot Elangeni staproete bord net oorkant die Klipspringer kamp(1100m bo seevlak). Unieke houtborde van gesnyde boomstompe gemaak met teks en grafika uitgegrafeer en ingeverf. Baie netjies. 'n Entjie deur die karavaanpark en dan by die groot 'zipline' begin die roete amptelik. Die kilometer bordjies wat Baie akuraat op elke kilometer geplaas is begin hier met 25 Kilometer om te gaan. 14 Kilometer vir Saterdag en 11 vir Sondag. 'n Entjie langs die Elands rivier (deur die vroegoggend spinnerakke, wat net die voorste stapper ervaar),



en dan begin die volgende uitdagende 3km waarin

ons sowat 600m styg. Op en Op en Op. Net as jy dink die' riffie wat jy daar sien is bo, is daar nog een bo dit, maar almal maak dit tot op die plato (1706m bo seevlak). Die paadjies is duidelik en oopgesny. Daar kan ons nou ordentelik asem skep en ons verwonder dat ons so hoog gekom het. Ons voete en lywe getuig daarvan dat ons ietwat gewerk het. Die uitsigte is ver en mooi. Die Sappi plantasie lê nou net links van ons, maar dit pla nie want ons stap direk op die eskarprant en die oë is gefokus op die vergesigte ondertoe.



So 3Km tot by die uitkykpunt waar die groep weer saamkom en middagete geniet langs die oulike bordjie van die verkykermannetjie. Christi kry haar voetmasering by Paul en ek kry my verjaardag-Coke by

Wilna. Waar beter om 'n verjaarsdag te vier as so in die bos en veld met sulke uitsigte. Nog sowat 17km(6 vir die dag) om te gaan. Nog so 3Km op die eskarprant en dan begin die roete daal. Matig, matig, maar redelik klipperig en aanhoudend. Ons draai nou in 'n kloof in en alle uitsigte op beskawing, vakansieoord en snelweg is uit sig en vergete. Nou is dit net ons en die bos en ons eie gedagtes.



Ons daal tot by 'n klein watervalletjie en 'n oorhang grotjie daaragter waar ek 'n vinnige swem vang. Ons is nou weer terug op sowat 1400m bo seevlak. Deur 'n fantastiese stukkie inheemse woud. Dig en groen en mooi, maar die paadjie op die hele roete is wyd oopgesny en groot moeite is gedoen om die pad te definieer deur klippe uit die pad te skuif en 'n 'rand' te pak. As gevolg van die effektiewe padbou metode werk die roete merkers dan ook goed wat slegs elke kilometer en enkele plekke waat daar ander paadjies kruis of skerp rigting veranderings werk goed. Dit is definitief nie nodig vir 'n merker elke 30m as die paadjie duidelik is nie. 'n kort entjie aan en nog 'n netjiese dan 'n houtbordjie die swempool aan. Adam het aangedui van hier

is dit net sowat 500m tot by die Sonbesie hut is waar ons sal oornag. Nog 'n entjie aan deur die digte bosse en dan skielik is jy in die oopte en die hut is voor jou. Ek glo ek praat namens al die stappers as ek sê elkeen het die gesig baie verwelkom. Dit was 'n baie mooi dag se stap, mooi uitsigte en mooi bosse maar glad nie maklik op die lyf en voete nie. Die 9 persone wie se bagasie vervoer is, se goetertjies is reeds daar saam met MagdaG wat ook as 'bagasie' opgegaan het agv 'n beseerde enkel (van dans!). 'n Baie netjiese skoon hut wag vir ons. Groot kuier stoep met 'n



uitsig oor die valei onder ons. Dan 4 kleiner kamertjies met elkeen 4 ingeboude stapelbeddens(plek vir 32). Bietjie donker, maar lekker matrasse en gerieflik. Dan die toegeruste kombuis. Hier is geen elektrisiteit nie, maar die storte(4) en wasbak se water word per gas verhit. Die kombuis is ook toegerus met eetgerei en kookgerei. Daar is ook gas-ligte en kerse. Weereens hout, charcole, aanstekers, vuurhoutjies, witgoud en toiletsproei word voorsien. Luuks!

Erna, een van ons nuwe stappers maak vanaand vir ons vuur. Almal braai saam of maak dit wat gisteraand gebraai is warm. Janie maak lekker druiwe slaai vir ons. Goed gekuier en geskerts die aand maar intresant genoeg is almal rondom 20:00 bed se kant toe. Ongeveer twee ure vroeër as gisteraand. Die uitdagende dag het sy tol ge-eis. Dit is stil, ons is moeg, magies is vol, die matrasse is sag, ons is in die bos en slaap lekker.



Sondag oggend rondom 7:15 is almal gereed. Kratte en sakke staan op die stoep om gehaal te word, die drie manne het hul rugsakke op die rug. Die res net hul dagsakkies. Ons begin vandag met 'n oppie. Ons styg vanaf 1340m tot 1500 oor 2Km tot by die eerste groot waterval. 65? meter hoog. Mooi, baie mooi, maar nie sulke lekker swemplek nie. 'n Klein entjie terug op dieselfde paadjie, weer deur heerlike koel inheemse woude met sy kenmerkende mosse en paddastoele en sommer net rustigheid. Ons hoor ook vandag heelwat meer voël as gister wat hoofsaaklik op grasvlaktes was. Ongeveer 'n kilometer aan is nog 'n heerlike groot waterval(1360mbsv). Hier het Adam netjiese trappies afgebou en 'n tou aangelê sodat jy veilig teen die skuiste kan afgaan. Dit is 'n lekker swemplek, Ek, Paul en Christi benut die geleenheid en swem en ontspan saam met ander hier. Dan op teen die tou werk en trappies na die 'hoofpaadjie' en dan af in die kloof om die hoek en heelyd daal-daal-daal. Bo 'n plantasie verby. Dan sien jy die kamp wat lyk asof hy net hier onder lê, reguit af is

die oor die kilometer, maar die bordjie sê padlans nog 3Km. Dit is 'n Laaaang 3Km. Af en Af en Af, verby 'n 2de klipsirkel met ou rotskuns. Dan deel ons stappaadjie die klein geel stapmerkers van die dagsirkel rondom die kampereen en met-eens is jy in die park. 'n Kort entjie tot by die klipspringers kamp. Ongeveer 12:00 terug by die kamp. 5 ure later. Sommer dadelik gaan swem in die oord se heerlik koue swembad, 'n Lekker warm stort geneem in die ablusie geriewe en nog n bietjie gekuier met ons stapmaats en die pad aangedurf om sowat 250 km later weer in Pretoria te kom wees.

'n Baie mooi roete. Puik akkomodasie en geriewe. 'n Lekker uitdagende roete. 'n Moet.



Kontak Elangeni by www.elangeni-resort.co.za, Epos: elangresort@mweb.co.za, Tel : 013 257 7071 of 083 793 3163. Elangeni staproete se eienares, Joey, en Adam, het ook in Februarie 2015 hulle sertifikaat vir die beste kort (2dag naweek roete) by Voetslaan Magalies se streeksaand kom haal. Die sertifikaat hang alreeds in hulle ontvangs area.

Nomades het bespreek via Anvie Ventures.

ns. Daar is 'n winkeltjie ook op die terein as jy 'n lekker koue koeldrank wil koop voor of na die stap.

Elangeni Finansies. (Direktefooi R130pppn)+R50pppnw slenterstap opsie (2014 tariewe), 2015 is heelwat op.

IN: Stapfooi in : Lede(8), Nie-Lede(4) : R 3360

Slenterstap fooi (9xR50) : R 450

UIT: Roetebespreking : R -3120

Besprekingsfooi : R -55

Slenterstapfooi aan Roete-eienaar : R -450

Projek Wins (Veral omdat hout en charcole en blitz voorsien is) : R 185.00



Marius.

Nomades Voetslaanklub.

www.nomades.co.za

